Kriteria vir merietetoekennings en prysuitdeling 2024

Sportmeriete

Erkenning word deurlopend gegee.

Die volgende prestasies kwalifiseer vir ’n merietebalkie:

- Volle provinsiale/Wes-Kaap-kleure
- Goue medalje-/ligawenners tydens formele WP-uitspeelkampioenskappe
- Eerste, tweede of derde plek tydens nasionale uitspeelkampioenskappe

Met beide die eerste toekenning en eerste hertoekenning kwalifiseer die leerder vir dieselfde silwer sportmerietebalkie. Indien die leerder vir die derde keer kwalifiseer, kom hy/sy in aanmerking vir ’n goue merietebalkie, ’n eredas en ’n erekleurewapen wat op die baadjiesak aangebring word.

Kultuurmeriete

Erkenning word deurlopend gegee.

Met beide die eerste toekenning en eerste hertoekenning kwalifiseer die leerder vir dieselfde silwer kultuurmerietebalkie. Indien die leerder vir die derde keer kwalifiseer, kom hy/sy in aanmerking vir ’n goue merietebalkie, ’n eredas en ’n erekleurewapen wat op die baadjiesak aangebring word.

Nasionale wenners kwalifiseer vir onmiddellike erekleure-erkenning.

Akademiese meriete

Erkenning word tydens jaarlikse prysuitdelings gegee.

Leerders wat aan die volgende vereistes voldoen, kwalifiseer vir ’n merietebalkie:

- Graad 4 – bereik ’n gemiddeld van 86% oor kwartaal 1-3 (ontvang by prysuitdeling)
- Graad 5 – bereik ’n gemiddeld van 86% vir kwartaal 4 van Graad 4 + kwartaal 1-3 van Graad 5 (ontvang by prysuitdeling)
- Graad 6 – bereik ’n gemiddeld van 84% vir kwartaal 4 van Graad 5 + kwartaal 1-3 van Graad 6 (ontvang by prysuitdeling)
- Graad 7 – bereik ’n gemiddeld van 82% vir kwartaal 4 van Graad 6 + kwartaal 1-3 van Graad 7 (ontvang by prysuitdeling)
- Graad 7-leerders wat in kwartaal 4 kwalifiseer, sal hul sertifikaat en brief tydens hul laaste saalbyeenkoms ontvang.

Met beide die eerste toekenning en eerste hertoekenning kwalifiseer die leerder vir dieselfde silwer akademiese merietebalkie. Indien die leerder vir die derde keer kwalifiseer, kom hy/sy in aanmerking vir ’n goue merietebalkie, ’n eredas en ’n erekleurewapen wat op die baadjiesak aangebring word.

Eredasse en erekleure vir ander prestasies

- Verteenwoordiging van SA in enige sport kom in aanmerking (leerder moet gaan deelneem).
- Die moontlikheid van eredas- of erekleuretoekennings vir ander prestasies (soos die eerste plek in die ATKV Applous-koorkompetisie) mag deur die SMT oorweeg word.

Prysuitdelings

Akademiese toekennings vir Graad 4-7 word volgens bogenoemde kriteria by jaarlikse prysuitdelings ontvang.

Beheerliggaamtoekennings word vir algeheel eerste, tweede of derde plekke in nasionale of internasionale kompetisies oorhandig.

Top 10-graadprestasies en top drie-vakprestasies word erken.

’n Leerder wat met ’n merietetoekenning vereer word, sal ’n brief ontvang wat die prestasie bevestig en wat gebruik kan word om die betrokke item/s by die skool se klerewinkel aan te koop.